

## INHOUDSOPGAWE

Nog 'n nuwe gesig! 1

God, slaan hulle tande uit! 2

Is alles gereël? 3

Tradisie, kompas of radar? 7

Evangelisasie—'n eidelose gesprek? 11

### REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville  
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,  
Johannesburg  
jopie1976@gmail.com

## NOG 'N NUWE GESIG!

The screenshot shows the homepage of the Christelike Biblioteek website. The header includes the site name and navigation links. The main content area is titled 'Algemene Biblioteek Welkom' and includes a welcome message, a section for 'Wedergeboorte as geskenk', and 'Nuusberigte'. There are also sections for 'CB Nuus' and 'Aanbevole Artikels'. A search bar is visible in the top right corner.

So 'n tydjie gelede het ons die voorkoms en formaat van Vox Viva verander, en nou was dit tyd vir die Christelike Biblioteek se opgradering.

Allereers is ons opgewonde oor die nuwe moontlikhede om meer inligting onder ons gebruikers se aandag te bring. Belangrike artikels en kategorieë word op die voorgrond geplaas, en verder is daar kernagtige gesegdes en paragrawe om ons meer te laat nadink oor ons lewe met die Here. Die nuusberigte en die blogs is steeds op hulle ou plek op die webwerf.

Daar is nou ook meer moontlikhede met die soektoegte (links onder op die

voorblad). Ons begin steeds meer artikels van verskillende vlakke inkry, en het dit nou moontlik gemaak dat u op 'n spesifieke moeilikheidsgraad kan soek. Ons hoop dit help dat u vinniger kan kry wat u soek!

Verder het ons die voorkoms van die webwerf ook verander. Ons het die internasionale tendens gevolg om die bladsy meer te laat "asem haal". Dus, meer oop spasies, sodat dit makliker leesbaar is.

Kom kyk gerus self, en ons hoor graag as u enige raad het!

[www.christelikebiblioteek.co.za](http://www.christelikebiblioteek.co.za)

# GOD, SLAAN HULLE TANDE UIT

*ALT de Bruijne*

Psalm 58 is 'n gebed teen die owerheid. Daar is so baie regters en regeerders wat onreg doen. Hulle word vergelyk met leeus wat 'n prooi verskeur. Breek jy die tande van 'n leeu, dan kan dit geen kwaad meer doen nie. Gelowiges vra in hierdie psalm of God die mag van onregverdige regters en slegte regeerders van hulle wil wegneem. Hulle verdien om self gevonnissen te word en te verdwyn. In die fel en plastiese beeldspraak van die psalm: "laat hulle soos 'n slak oplos in hul eie slym" (Ps 58:9). So gou as wat dit gebeur, kom jy agter dat daar 'n God is wat reg doen op aarde.

'n Gebed teen die owerheid en teen die regterlike mag is nie gebruiklik onder Christene nie. Hulle is gewoon daaraan om vir



regeerders en hooggeplaastes te bid. Westerse Christene in die besonder is nogal owerheidsgesind. Leer die Bybel nie self dat God regeerders gebruik nie? Respek vir hulle is in beginsel respek vir God. Christene moet

hul onderwerp, ook aan owerhede wat self vir God negeer of wat 'n slegte beleid voer. Verder was Westerse Christene vir eeue lank

**Maar ons moet wel openlik en vir almal hoorbaar vir God vra om in te gryp en om slegte regeerders te verwyder**

gewoond aan min of meer Christelike regeerders. Hierdie omstandighede maak jou amper byvoorbaat lojaal. Maar daarmee het ons stadigaan die Bybelse gebed teen die owerheid verloor.

Daar is maar een werklike regter en regeerder op aarde, Jesus Christus. Menslike regters en owerhede vervul 'n tydelike mandaat onder Hom. Dit eindig as Hy terugkom. Solank Christus nog nie alles self regstel en vrede vestig nie, moet hulle 'n voorlopige reg handhaaf en so goed as moontlik vrede bevorder. As hulle sistematies onreg bedek en besonderlik ellende veroorsaak, dan verspeel hulle hul legitimiteit en verdien hulle om vervang te word. Christus sal hulle selfs ekstra straf.

Hierdie vonnis mag Christene nie self uitvoer nie. Inderdaad moet ons wel die slegte owerhede bly gehoorsaam. Maar ons moet wel openlik en vir almal hoorbaar vir God vra om in te gryp en om slegte regeerders indien nodig te verwyder. Eers bid ons vir hul bekering. Maar vervolgens moet ook die alternatief in beeld

**Wees meer bevrees vir sonde as vir lyding.**

- T Watson

kom. Laat God regters en owerhede wat nie verander nie, verwyder. Indien nodig nou reeds en nie by die eindoordeel nie. So het Christus op die gebed van die kerk reeds 'n hele paar Nero's opsy geskuif. En gelukkig het Hy uiteindelik afgereken met Hitler en Pol Pot.

Met hierdie gebed teen die owerheid gee jy 'n stem aan die talryke slagoffers van onsuivere regspraak en verkeerde owerheidsbeleid. Weg met onregmatige regspraak en bevoorregting! Al die regters in hierdie wêreld wat onskuldiges veroordeel en skuldiges vryspreek, is hulle plek nie werd nie.

"Asseblief, God, stoot die dwase maghebbers in Noord-Korea van hul gerieflike kussings. Christus, wanneer jaag U die koppige leier in die Ivoorkus uit sy paleis?" En skree die korrupsie en staatsgeweld van mense soos

Berlusconi en Poetin nie om God se hoër reg nie?

Hoe baie ellende veroorsaak die skynheiligheid waarmee ryk lande vandag kunsmatig hul ekonomieë aan die gang hou en die arm lande verontreg? Kan dit wees dat Westerse weermagte dikwels slegs elders in die wêreld help as eie belange op die spel staan? Ja, wanneer wreek God die bloed wat al baie jare lank wettig vloei in aborsieklinieke?

Natuurlik, in hierdie wêreld kan Christene al hierdie ellende verwag. Tegelyk is rewolusie nie gepas nie. Jy moet juis konstruktief bly waar jy kan. Maar slegs as daarby ook die hartstogtelike roep om reg helder en in die openbaar klink. Te dikwels staan die kerk met die mond vol tande. God, slaan hulle die tande uit die mond.

## IS ALLES GEREËL?

*T Bolks*

"Hoe laat moet jy gewoonlik bed toe gaan?"  
"Mag jy TV kyk op Sondag?" "Hoeveel sakgeld kry jy?" "Moet jy jou eie kamer skoonmaak?"

Alles vrae wat kinders vir mekaar kan vra. Dan kom daar allerhande verskillende antwoorde. Wat sou u seun of dogter antwoord as hierdie vrae aan hulle gestel word?

Uit die kinders se antwoorde sal dit blyk of daar reëls binne die gesin is of nie. Reëls met betrekking tot bedtyd, TV kyk, die gee van sakgeld en die opruim van jou eie kamer. So is daar nog baie meer dinge waarvoor daar reëls

is: saam eet, doen van huiswerk, besteding van vrye tyd, uitvoer van take in en om die huis, ens.

### Huisreëls

Kinders vra vir orde. Kinders wil weet waar hulle staan. Om dit te bewerkstellig is die instelling van ('n aantal) reëls een van die eerste 'benodighede'. Want die reëls kan sorg vir 'n geordende gesinslewe. As die kind weet wat van hom of haar verwag word, sal dit hom/haar gouer veilig en geborge laat voel. Wanneer

**Die aanpassing van die waarheid lei tot verdere aanpassing...wat weer op sy beurt tot verder aanpassing lei, wat weer...**

- F Schaeffer

daar reëlmaat is in die lewe binne die gesin, gee dit 'n mate van rustigheid. Die grense is vasgestel. Kortliks: reëls in die huis is 'n belangrike hulpmiddel by die skep van 'n goeie atmosfeer in die gesin. Dit kan 'n klomp geneul en gekla voorkom.

### 'n Aantal voorbeelde

Watter reëls word nou eintlik bedoel? Hierbo word 'n aantal praktiese voorbeelde genoem waar reëls goed kan werk. By daaglikse terugkerende gebeurtenisse kan 'afsprake' gemaak word. 'n Paar voorbeelde:

Ons hou byvoorbeeld daarvan dat etenstyd ordelik verloop. Daarom maak ons reëls soos: jy mag nie van die tafel af opstaan terwyl ons besig is om te eet nie en ook nie tydens ete badkamer toe gaan nie. Wat maak ons met kinders wat nie van die kos hou nie?

In die gebed maak ons duidelik dat ons vir God dankie sê vir die kos. Watter kinders mag hardop bid en tot op watter ouderdom doen hulle dit? Word daar gesing na ete? As ons dit 'n vaste gewoonte maak, dan sal ons dit ook nie vergeet nie. En na ete, wie se beurt is dit dan om te help met skottelgoed was?

En wat gebeur na aandete? Eers huiswerk doen of direk TV kyk? Jy kan afsprek: jy moet eers jou huiswerk klaar maak en daarna is daar tyd om iets vir jouself te doen. Dit hoef natuurlik nie noodwendig TV kyk te wees nie.

TV kyk kan ook met 'n vaste reël beperk word. Die ouer kinders mag byvoorbeeld driekwartier per dag kyk: nie langer as dit nie. Voor die tyd kan dan (saam) uitgesoek word watter programme gekyk mag word.

Ons kan vir ons kinders 'n vasgestelde bedtyd daarstel. Jou seun van sewe sal bv. half 8 bed toe gaan en jou dertienjarige dogter om half 9. Dan hoef jy nie elke dag daarvoor te baklei nie.

### Reëls oor reëls

Daar is wel 'n aantal sake waarop gelet moet word as dit oor huisreëls gaan. Dit moet nie so wees dat daar reëls gemaak word vir die reëls self nie. Dit gaan oor duidelikheid – dat die kinders weet wat verwag word. Dit gaan oor die orde en reëlmaat. Die een reël moet nie bo-op die ander een gestapel word nie. Dan veroorsaak dit 'n atmosfeer van: wie oortree watter reël? Daar moenie meer reëls wees word as wat nodig is nie.



Die reëls wat daar is moet konsekwent toegepas word. Indien nie, het dit geen nut nie. Dan geld die reël dat daar eintlik geen reëls is nie. Die reëls wat daar is, moet goed nagekom word.

Die kinders moet verstaan wat met 'n sekere reël bedoel word. Dit moet goed verduidelik

**Hoe meer ek weet van die guns van Christus, hoe meer sal ek kan glimlag in teenspoed.**

- M Lloyd-Jones

word en daar mag nie moontlikheid wees vir verskillende interpretasies nie. Anders kan daar later ook geen goeie gesprekke oor verkeerde gedrag wees nie.

Hou in gedagte dat kinders met mekaar sal vergelyk wat by hulle by die huis toegelaat word en wat nie. 'n Kind kan by die skool baie 'uit' voel wanneer daar erg afwykende reëls by sy huis gestel word.

Die ouderdom en die ontwikkeling van die kind moet baie goed in ag geneem word. Ons aanvaar die kinders soos hulle is. Met 'n jong kind sal ons anders omgaan as met 'n tiener. Dit is natuurlik belangrik wanneer die reëls opgestel word. Maar vir alle ouderdomme geld: die kind moet kan verstaan hoe die reëls 'werk'. Anders skep dit net verwarring.

**As die kind weet wat van hom of haar verwag word, sal dit hom/haar gouer veilig en geborge laat voel.**

### **Reëls per ouderdom**

Kinders leer al op 'n baie jong ouderdom sekere reëls. 'n Kind wat pas leer loop het mag nie aan die koppies op die tafel raak nie.

Peuters probeer allerhande dinge. Dit is baie belangrik om op hierdie ouderdom duidelike grense te stel. Dit is wel toelaatbaar en dit definitief nie. Die kind kan baie hardkoppig daarteen skop. Maar ons moet vashou aan bepaalde reëls. 'n Dag se vaste roetine gee ook 'n groot mate van veiligheid.

Kleuters kan die reëls baie goed aanleer, maar hulle verstaan nog nie altyd die hoe en waarom daarvan nie.

Kinders van ses tot twaalf jaar sal dink: "My pa en ma sal mos weet wat goed is vir my. As hulle sê dat dit so is, dan is dit so." By die hantering van die reëls, staan dit voorop. Op hierdie leeftyd leer hulle om verantwoordelikheid te dra.

Tieners sal nie sommer meer alles aanvaar nie. Hulle is besig om selfstandig te raak en wil toets of die reëls enigsins waarde het. Sommige reëls sal aangepas moet word. Die tiener sal die doel van die reëls moet insien en sal duidelik moet kan sien dat daar norme en waardes agter die reëls lê. Ouers sal baie goed moet let op hulle eie gedrag, want die norme en waardes geld ook vir hulle.

Dit is 'n eerste vereiste dat daar 'n goeie band tussen die ouers en kinders moet wees. In 'n vertroulike atmosfeer is baie dinge moontlik. Deur duidelikheid te skep word die selfvertroue van 'n kind net versterk.

### **Met liefde toepas**

Ons het ons kinders van God ontvang. Ons is bly oor ons kinders en ons het hulle lief. Na bogenoemde kan die gedagte dalk opkom: ons hou van ons kinders solank as wat hulle die reëls nakom. En dalk dink die kinders dieselfde: "Solank as wat ek my aan die reëls hou, is hulle nog lief vir my." Dit moet natuurlik nie so wees nie. Ons moet dit voorop stel dat ons lief is vir ons kinders.

Vervolgens stel ons reëls op om ons kinders 'n gevoel van veiligheid en geborgenheid te gee. In 'n verhouding wat op liefde gebou is sê ons: 'Ek soek die beste vir jou en dit is die rede hoekom...' Die gevoelens van die kinders moet natuurlik ook in berekening gebring word. 'n

**Ons voorbeding is nie 'n irriterende onderbreking van God wat besig is om sy doel te bereik nie; dit is 'n wesenlike deel van hoe Hy sy oppermag uitoefen in die geskiedenis.**

- CJH Wright

Positiewe benadering moet voorop staan. Die reëls moet nie uit negatiewe gedagtes voortkom nie: ek wil nie dit of dat nie. Dit is nie 'n goeie houding nie. Daar moet nie krampagtig omgegaan word met wat wel en wat nie toegelaat word nie. In 'n ontspanne en positiewe atmosfeer word reëls volledig aanvaar en nie as (streng) reëls ervaar nie.

En hierdie positiewe houding is ook iets waarin ouers hulle kinders kan voorleef. Dit geld ook met betrekking tot reëls. Dit wat ons van ons kinders verwag, moet ons self ook bereid wees om by te hou.

### Reëls vir onself

Nou het ons nog net gepraat oor die reëls wat ons vir ons kinders stel. Maar ons het self ook reëls. God het vir ons die Bybel gegee. Daarin staan Tien Reëls wat ons moet nakom. Uit dankbaarheid wil ons dit ook doen. En vanuit daardie reëls kan ons verder aanbeweeg.

Ook vir opvoeders geld: reëls skep duidelikheid. God se geboorte is baie duidelik. Maar hoe maak ons hierdie reëls prakties? Is en bly alles dan nog duidelik? Vereis ons na aanleiding van 'eer jou vader en jou moeder' dat ons kinders 'u' vir ons as ouers sê? En sal ons met

die reël 'gedenk die sabbatdag' in gedagte, TV kyk op Sondag verbied?

**Die tiener sal die doel van die reëls moet insien en sal duidelik moet kan sien dat daar norme en waardes agter die reëls lê.**

Dit lyk soms asof sekere reëls nie meer so vasstaan soos vroeër nie. Dit veroorsaak onsekerheid by opvoeders. Baie boeke, tydskrifte en artikels oor opvoeding word gelees, veral deur jong ouers. Daar word antwoorde gesoek op die vraag: 'Hoe moet ek dit doen?' Mense bly dus soek na hierdie tipe reëls. Gelukkig is daar genoeg betroubare materiaal is om ons op hierdie gebied te help.

Laat ons veral besef dat in die opvoeding, ook al is alles goed gereël, dinge soms verkeerd loop. Uit onself kan ons die opvoeding nie altyd so goed baasraak nie. Ons het elke dag God se hulp nodig. In vertroue op Hom kan ons in 'n ontspanne atmosfeer duidelikheid skep in ons gesin. Laat ons dan daagliks vra vir Sy hulp. Want dit wat God reël, is goed gereël!

**Die Gees-vervulde Christen is 'n sang-vervulde Christen.**

- CR Swindoll

# TRADISIE, KOMPAS OF RADAR?

K Haak

'n Amerikaanse sosioloog David Riesman gee ons 'n interessante onderskeiding tussen mense. Hier volg sy beskrywing soos dit vind in H.J.H Brentjens se boek *Visie op die Jeug*.

Riesman het mense rofweg in drie groepe onderverdeel. Daar is mense wie se sig heeltemaal op die tradisie gerig is. 'n Tweede groep word van binne uit bepaal, vanuit 'n eie oortuiging. En 'n derde groep laat homself beheers deur ander mense.

## Verskillende tipe mense

### 1. *Bepaal deur tradisie*

Hierdie tipe mense wat deur tradisie bepaal word, pas by 'n stabiele samelewing wat baie heg gestruktueer is. In Wes Europa was dit gedurende die Middeleeue die geval. So 'n samelewing het nie veranderings geken nie. Die waardes en reëls van die mens se lewenswyse is van vader na seun oorgedra. Die jonger generasie wat in so 'n samelewing opgegroeï het, is sorgvuldig geleer wat van hulle verwag word, en is gedwing om aan te pas by die gegewe (hiërgies) verhoudings.

Omdat in daardie samelewing wet en voorskrifte die norm was, sou jy die wetboek as 'n simbool daarvan kon sien.

### 2. *Bepaal deur innerlike oortuiging*

Wanneer die samelewing sterk begin ontwikkel en verander, soos dit die geval was in Wes Europa vanaf die Renaissance en die Her-

vorming, het dit belangrik geword dat mense 'n bewuste individualiteit ontwikkel. Hulle kan nie meer net vanuit die tradisie beheer word nie, maar moet 'n innerlike oortuiging hê. Jou persoonlike gewete bepaal hoe jy dinge doen. Die jeug moet dan ook bewus gemaak word waarom die lewe gaan.

In teenstelling met die Katolisisme was dit vir die Protestante nie so belangrik om hulle aan uiterlike reëls te bind nie. Vir hulle was dit die belangrikste dat jy ondanks alles, vashou aan jou eie oortuiging.

Met die Woord van God as rigsgaander.

**Ons moet dit ons kinders voorhou en in ons eie voorbeeld duidelik maak dat 'n Christelike bestaan sy eie oriëntasie, kleur en diepgang het en ons dit anders doen as hierdie wêreld.**

Hierdie ingesteldheid wat van binne uit bepaal word sou 'n mens kon simboliseer met 'n kompas. Jy kan verskillende rigtings ingaan, maar jy laat jou rigting bepaal deur 'n gegewe oriëntasiepunt.

### 3. *Bepaal deur ander mense*

In 'n moderne pluriforme samelewing staan allerhande waardes en norme langs mekaar. Daar is baie menings en sienswyses wat in 'n samelewing 'n moontlikheid moet wees.

**Jy sal eers met jou hele hart en alles wat jy het die Here Jesus moet liefhê, voordat jy kan saampraat oor die antiese tussen kerk en wêreld.**

- EA de Visser

Veranderlikheid en relatiwiteit is 'n feit. Of saamleef moontlik is hang af of goeie afsprake gemaak kan word, en verder niks nie. Om in so 'n samelewing goed te kan funksioneer, sal jy 'n ander lewensgevoel moet ontwikkel, een waarin jy jouself en jou menings kan relativeer.

Die veranderings in so 'n samelewing maak dat die tradisie slegs een moontlikheid is waaruit jy kan kies.

En die relativiteit maak dit onmoontlik dat die individue op een gemeenskaplike ideaal gerig is. In die opvoeding moet die kinders dan ook geleer word om buigsaam te wees, sodat hulle hulself vinnig kan oriënteer op die gedrag van 'n ander en kan inspeel op sekere omstandighede.

So 'n ingestelheid wat bepaal word deur mense in jou omgewing, sou 'n mens simboles met 'n radarskerm kon voorstel.

Tot sover 'n eenvoudige beskrywing van die opvatting van Riesman wat hiermee ons sig op sekere dinge kan verhelder en ons verder kan help om te oordink hoe ons self met die Here leef.

### Beheers deur die tradisie?

As gelowiges moet ons onself voortdurend daarvan bewus wees dat ons aan God behoort. En dat dit fundamenteel is vir ons bestaan, en dat dit die raamwerk is vir alles wat ons dink en doen. Hierdie geloofsoortuiging is bepalend vir ons hele manier van lewe, ook in die klein dingetjies van elke dag. Ons moet dit ons kinders voorhou en in ons eie voorbeeld duidelik maak dat 'n Christelike bestaan sy *eie oriëntasie, kleur en diepgang het en ons dit anders doen as hierdie wêreld.*

Die vraag is nou: beteken dit dat ons vir hierdie bouse wêreld moet wegkruip, en dat ons geloof beheers moet word deur vrees (juis omdat ons glo)? Moet ons ons vasklou aan die ou vertroude gewoontes en ons houvas soek in die tradisie?



Dit mag soms so lyk. En hierdie houding sal seker voorkom by sommige mense. Laat ons dit duidelik stel: Ons hoef nie noodwendig die tradisionele opvattings oorboord te gooi net omdat dit iets van vroeër is nie. Wat vroeër in die geformeerde kring gesê en geskryf is is nie noodwendig tydgebonde en onvanpas vir die vrae van die mens van vandag nie.

Ja, die tye verander, maar daar is ook 'n deurlopende lyn, daar is kontinuïteit. Baie probleme van vroeër is ook vrae van vandag en die toekoms, miskien in 'n ander vorm, maar eintlik is dit maar net 'n variasie op dieselfde tema. Dit sal dan ook kortsigtig wees as ons al die dinkwerk van vroeër oorboord gooi, en dit waardeloos ag en self alles weer van voor af te begin oordink.

Ons breek dus nie met die tradisie nie.

Maar terselfdertyd moet ons ons ook nie son-

**God fluister aan ons in ons vreugdes, praat in ons gewete, maar skree in ons pyn. Lyding is God se megafoon om 'n dowe wêreld wakker te maak.**

- CS Lewis



der meer deur die tradisie laat beheers nie. Die antwoord van destyds was wel destyds se antwoord. Die positiewe daarvan moet ons ook vandag kan oorneem, en dan in die besonder die onderliggende bedoeling (die intensie) van die vorm wat moontlik tydgebonde kan wees.

As jy die oplossings van vroeër hanteer as reëls van 'n wetboek, as jy gebruik maak van die tradisie as voorskrifte sonder meer, as jy die reël oorneem omdat dit nou eenmaal die reël is en nie omdat jy ook self innerlik oortuig is dat jou Christen-wees hierdie vorm moet aanneem nie, sal dit dan nie die indruk skep dat Christen-wees nie by hierdie tyd pas nie?

**Ons wil lewe van binneuit, gestuur deur 'n goed afgestemde innerlike kompas.**

Maar ons is wel geroep om Christen te wees in hierdie tyd en Christus na te volg ook in die hedendaagse omstandighede. Ons moet ook sekerlik nie met die verlede breek nie, maar dit wat vroeër waardevol was ook vandag nog gebruik met die oog op die vrae van vandag. Terselfdertyd moet ons sê: dit is moontlik dat dit vir ander vormgewing sal vra wat in pas is met die ander omstandighede van vandag.

### **Aanpas by vandag?**

Ons moet oppas dat ons onself nie sodanig oopstel vir die hedendaagse leef- en denkwêreld, dat ons eie posisiekeuse uiteindelik verdwyn nie:

“Daar is allerhande maniere van dink en van dinge doen wat met die tyd verander.

En wie met die tyd wil saamgaan, moet gevoelig wees vir tendense en homself buigzaam opstel, die betreklikheid van alles besef, ook van jou eie mening. Jy moet die groep probeer aanvoel, wat hulle dink en jou daarby aanpas. Jou radarskerm sal dan die seine van jou omgewing opvang en dit bepaal jou vaarplan”.

Baie mense leef vandag op hierdie manier, hulle laat hulle deur die omgewing voorsê wat hulle moet doen en dink. As ons op soek is na 'n eietydse beleving en vormgewing van ons Christelike lewe, moet ons verseker nie in hierdie rigting soek nie. Van hierdie houding en sy infekterende uitwerking moet ons duidelik afstand neem.

### **Eie kompas**

Maar hoe dan anders? Dus nie volgens die tradisie sonder meer, of deur radarseine wat ons van buite ontvang nie, maar 'n koersbepaling via 'n eie innerlike kompas, wat ons op die regte oriëntasiepunt rig.

Ons moet ons nie deur die verlede die wet laat voorskryf nie, en nie dinge doen soos hulle dit vroeër gedoen het net omdat hulle dit vroeër so gedoen het nie. Ons moet ons ewemin laat stuur deur die steeds veranderende mening van mense vandag om ons heen. Ons mag wel gebruik maak van die baie waardevolle aspekte in die tradisie en ons mag ook 'n oop oog en gevoel hê vir die situasie van vandag.

Maar ons wil lewe van binneuit, gestuur deur 'n goed afgestemde innerlike kompas. So mag elkeen van ons, oud en jonk, in eie werksomstandighede, met eie kapasiteite, volgens eie karakter, heel persoonlik vorm gee aan sy

**Die mees eerbiedige prediker wat spreek asof hy die gesig van God gesien het, het met sy eenvoudige woorde meer effek op my hart, as 'n oneerbiedige man met die mees fantastiese voordrag.**

- R Baxter

Christen-wees. Deur Christus te volg aan die einde van die twintigste eeu. Deur op Hom te oriënteer by die soeke na 'n antwoord op die vrae waarmee ons te doen kry. In die regte perspektief na alles rondom ons kyk – 'n perspektief wat ons vind wanneer ons in alles gerig is op Hom.

Dan sal 'n mens nie volgens uiterlike reëltjies leef nie, en jou ook nie deur die mening van ander in hierdie tyd laat beheers nie. Maar dan het jy jou eie oortuiging, beheers deur die woord en gebod van God. 'n Innerlike kompas wat jou die regte rigting wys, ook as jy met omstandighede te doen kry waar die tradisie jou nie 'n oplossing gee en die wisselende strominge van eietydse denke geen houvas bied nie. 'n Leefwyse wat van jou 'n Daniël sal maak en die moed gee om alleen te staan!

### Lewe van binneuit

In Jeremia (31:31-34) lees ons, dat die HERE 'n nuwe verbond aankondig:

*Ek gee my wet in hulle binnenste en skrywe dit op hulle hart;*

*en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir my 'n volk wees.*

*En hulle sal nie meer elkeen sy naaste*

*en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE, want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die HERE.*

En Paulus skryf oor hoe die mense wat aan God behoort deur die gawes wat Christus in sy kerk gee, toegerus word en groei in die geloof en kennis tot die volmaakte rypheid van Christus (Efesiërs 4: 7-16):

*Dan sal ons nie langer kinders wees wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring;*

*maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus.*

Ons en ons kinders mag na hierdie Christelike volwassenheid toegroei, waarby ons 'eenkantstaan' daarin uitkom dat ons van binne-uit lewe, volgens 'n innerlike kompas wat ons op onse Heer laat oriënteer.

My oortuiging is dat so 'n siening onmisbaar is vir ons eie geloof, maar ook om ons kinders 'n weg te wys wat dit werklik beteken om te glo. Mag die huidige generasie hierin vir die komende generasie 'n voorbeeld wees.

**Ons sal die hoogte van Christus se liefde moet meet (as dit ooit gemeet kan word) aan die diepte van sy lyding (as dit ooit geken kan word).**

- CH Spurgeon

# EVANGELISASIE – ’n EINDELOSE GESPREK?

CJ Haak

*(Hierdie is ’n vertaalde artikel van Prof CJ Haak. Sy vakgebied is die sendingswetenskap en evangelisasie.*

*Hy begin die artikel deur te verwys na ’n moedelose evangelisasiewerker. Daar is geen beweging meer in sy werk nie. Hy het sy vaste mense met wie hy gesels, maar die gesprekke vorder nie regtig nie. Almal is baie bly as hy kom praat, maar daar is geen konkrete reaksie op die gesprekke nie. Hy stap maar net sy ou paadjie oor en oor..En ondertussen word hy net meer gefrustreerd en moedeloos. Hoe lyk ’n regte evangelisasiegesprek? Hier volg nou die res van die artikel.)*

Ons moet volgens my mening, eers ’n goeie aanvoeling hê wat ’n evangelisasie gesprek is. Dit het ’n baie doelgerigte eindpunt: om mense tot geloof in Christus te beweeg. Vir Christus te wen, sê Paulus. Daarom moet ons hulle met Christus konfronteer. Dit beteken nie dat jy die hele Bybel moet deurgaans of die hele Kategismus met hulle moet behandel nie. Nee, stel hulle voor Christus. Nog beter: stel Christus voor hulle. Dan moet jy die reaksies fyn waarneem, bespreek en analiseer met liefde, geduld en wysheid, tyd en duidelikheid. En daarna moet dan ook die volgende stap geneem word. Julle saam, jy en die persoon met wie jy praat, moet hierdie stap neem om te sê waar julle met mekaar staan. Want die evangelisasiegesprek is altyd duidelik, konsekwent en doelgerig. Ek wil dit toelig deur die volgende ses punte.

## 1. Evangelisasie doelwitte is nie ’n oefening in kommunikasie nie.

Tereg word tydens evangelisasie gebruik gemaak van kommunikasie kundigheid. Maar wat die deskundiges nie wil hê nie, gebeur tog dikwels. Die middel – die gesprek – word uiteindelik die doel. Daar word van “tegnieke” gebruik gemaak om die gesprek aan die gang te hou. Nuwe elemente word gebruik om nuwe lewe in die gesprek self te blaas. En dan dink ons dikwels dat dit bewys is van vindingryke liefde en geduld. By Paulus vind ons dit egter nie so nie. Hy het wel in die persoon se skoene probeer staan en in sy vel probeer kruip, maar hy het vasgehou aan sy doel: “om in alle geval sommige te red” (1 Kor. 9:22). Hy sê nie dat hy ten alle koste ’n goeie uitkoms probeer kry het nie. Let op die verskil met 9:19: “om soveel van hulle as moontlik vir Christus te wen”. In die loop

**’n Intensiewe gesprek kan nie sommer net verby wees nie. Want die gesprek word immers die hele tyd gedra deur die erns van die boodskap!**

van die praktyk leer hy om te erken dat daar beperkings is. Hierdie beperkings kom juis met so ’n metode aan die lig. “Almal” word enkeles. Hy forseer nie iets nie. Sy houding tydens die gesprek getuig van diensbaarheid en begrip. Maar die inhoud en die doelwit bly op mekaar afgestem. As mense nie op sy gesprekke

**Om te veronderstel dat ons self die krag het om iets te doen wat God van ons vra, is om die kruis en die genade van Jesus Christus nutteloos te maak.**

- J Owen

reageer nie, trek Paulus self sy gevolgtrekking hieruit. Dan stap hy verder. Hy is naamlik bo alles 'n dienskneg van Christus. Sy diensbaarheid word begrens deur die ruimte wat Christus gee. Daarom wel diensbaar aan mense, maar nie ten koste van alles nie. Hy is nie 'n speelbal van mense nie, en ook nie 'n vrywilliger by 'n humanitêre of sosiale dienste organisasie nie.



## 2. Gesprekke in die Bybel

Ek wil ten tweede dieper ingaan op gesprekke wat in die Bybel gevoer word. Byvoorbeeld die gesprekke van Paulus en Jesus. Sommiges wil 'n hele stel reëls vir kommunikasie daaruit aflei. Ons moet onthou dat die Bybel nie in die eerste plek 'n handboek vir kommunikasiereëls is nie. Maar uit die optrede van Jesus kan 'n mens baie dinge leer wat ons ook kan gebruik in ons kommunikasie. Maar dan moet 'n mens ook werklik alle onderdele van sy gesprekke gebruik. Nie net die oulike, vindingryke, geduldige, behulpsume en barmhartige Jesus, wat boonop ook nog kon wonders doen nie.

Dink aan al die mense wat deur Jesus gekonfronteer word: die ryk jongman (Mat 19:21); of hard aangespreek word oor die stryd

om in te gaan (Luk 13:24); of waar onwil bemerk word ("altyd kommentaar hê"), afgewys word deur Hom (Mat. 11:17-19); of ontvlugting ontmasker by Nikodemus (Joh.3:10); of ook kan kwaad word en mense wegjaag tydens die tempelreiniging (Mat.21:12 e.v.); of mense tereg wys oor die afwysende houding van die owerpriesters en skrifgeleerdes oor die "Hosanna" van die kinders (Mat.21:17); of verdere gesprek weier, "*dan vertel ek julle ook nie deur watter gesag Ek hierdie dinge doen nie*" (Mat 21:27).

Al hierdie elemente mag gebruik word om aan mense duidelik te maak waaroor dit in die evangelie gaan. Nie om aan die gesels te bly nie, maar om die verdere verloop van die evangelie te stimuleer. Hoe graag jy dit ook al sou wou hê (Jesus ook, Luk 13:34), dat elkeen op hierdie pad moet saamstap, ons moet egter daarmee rekening hou dat nie almal sal saamstap nie. Ons moet leer om dit te aanvaar, nie gelate nie, maar as resultaat van 'n mens werk. Ja, die resultaat dat ongeloof steeds duideliker na die oppervlakte toe sal kom. Hoe vreemd dit ook al mag klink, en hoe graag ons dit anders wil hê, maar die ongeloof wat na vore kom, is ook die resultaat van jou verkondiging.

## 3. Doelgerigtheid 'n vereiste

Dit bring my by die derde punt. Dis opvallend dat in die Bybelse gesprekke iets gebeur waaraan 'n konsekwensie gekoppel word. Jesus het nie net gepraat nie, hy het ook gevolgtrekkings getrek uit vrae wat gevra is en uit opmerkings wat gemaak word. En op daardie punte het Hy verder ingegaan. Hy het nie bekering afgedwing nie, maar wel opgeroep daartoe. En juis dit gee duidelikheid. Om dit so te stel: Tydens sy gesprekke het Hy ook

**Die hoeveelheid mense wat Christus wil hê as hulle "persoonlike Verlosser" is baie meer as hulle wat reg is om Hom as die Heer van hulle lewe te ontvang.**

geëvalueer waar die ander persoon staan. En daarop het Hy dan ingegaan: ontvangend of afwysend.

Dit is die doel van die luister-proses. Nie om sommer net stories en klagtes aan te hoor nie, maar om waar te neem waar iemand staan in sy verhouding met God. Of wat hom verhinder om na God te kom. En dit word dan die fokuspunt! Dan moet jy skynargumente en bykomstighede in die gesprek ontrafel. Natuurlik met die mees passende en geskikte woorde en begrip. En dit vat die nodige tyd. Maar jy moet daardie sake aanspreek waaroor dit in werklikheid gaan!

Vergelyk dit met 'n gids in die Alpe. Hy kan ter wille van sy reisgeselskap, inagnemend of hulle beginners of gevorderde klimmers is, 'n vinniger of makliker pad kies. Maar hy sal weier as hulle nie die pad vat wat hulle by die beplande eindpunt sal uitbring nie. Of 'n pad kies wat nie veilig is nie. Dan sal hy elke stap vorentoe weier. Of as hulle 'n pad kies wat doelloos in rondtes loop om die bergtop heen, sonder om ooit êrens uit te kom. Indien almal bereidwillig is, sal hy die koers vasstel. Die koers staan almal helder voor oë. As die stappers nie volgens die vasgestelde koers wil stap nie, moet hulle nie die gids blameer nie. Die gids moet hulle voor die keuse bring: óf verder saamstap, of die staptog afsê. Hierdie duidelikheid hoort by die taak van die gids. En net so geld dit ook vir jou. Dit is uiteindelik die beste vir hom, vir haar, die hele reisgeselskap, jou medegelowiges, insluitend die kerkgemeenskap.

#### 4. Jou kennis op jou vingertoppe

Die vierde punt kom hieruit voort. Die feit dat jy nodig het om te luister in die evangelisasiegesprek, beteken nie dat jy nie 'n eie boodskap of doel mag hê nie. Tereg is daar

verset teen 'n hoogmoedige manier van gesprekvoering. Maar dit moet ook nie ontaard in 'n doellose of 'n sogenaamde "oop" gesprek nie. Uiteindelik het jy tog 'n vasgestelde doelwit: jy wil die evangelie verkondig, die ander persoon by Christus uitbring.

**En dan moet 'n mens dit ook reguit so sê: ek hou op – ek kom nie meer terug nie..**

Dan moet jy ook presies en doelgerig weet wat om te sê, en waaroor dit gaan, gefokus op die situasie voor jou. Dit moet nie 'n afgerammelde geprogrammeerde argument wees nie, maar wel 'n goed voorbereide boodskap uit die Bybel, wat jy in die gesprek inweef. Lekkend, uitnodigend, korrigerend, afwysend. Om so die regte hindernis te probeer vind. Dis nooit maklik om dit met een gesprek reg te kry nie. 'n Mens kan dit egter aanleer, indien jou eie kennis van die Skrif baie goed is.

Dit beteken nie dat ons net 'n klompie tekste moet aframmel nie, maar dat ons die luisteraar moet vertel wat God in die Skrif van Homself en sy raadsplan openbaar. Jy moet basies met die hele Kategismus as agtergrond kan redeneer, sonder om alle vrae en antwoorde uit jou kop uit op te sê. Die kennis wat jy in die loop van jare opgedoen het, moet jy verweef en aktualiseer in die gesprek. Jy kan deur die Kategismus of ander belydenisskrifte blaai, om te kyk op watter vraagstukke of probleme daar antwoorde gegee word. Kyk verby die presiese woorde na die bedoeling en die kern. Dit is wat jy op jou vingerpunte moet ken, of anders gestel: in die stryd moet inbring. Dan sal jy agterkom hoe goed die gesprekke aan die gang kom!

Want dan móét 'n mens ook verder gaan om saam te ontdek hoekom iemand nie oor die

**Dit is en bly die fondament van die geloof, die eeue deur: iets is goed omdat God dit sê, en iets is verkeerd as Hy dit verbied.**

- WG de Vries

drumpel van die geloof in Christus kan kom nie. En dan kan julle besluit om die volgende keer juis daaroor te praat. Dit vra geduld, liefde, vindingrykheid en tyd. By die huis kan 'n mens dan baie meer doelgerig nadink om helderheid te kry oor hierdie saak. Jy kan selfs ander kerkmense vra of hulle jou kan help op hierdie punt. Jy staan dan ook nie alleen voor die probleem nie, maar jy word die uitgesteekte hand van die gemeente van Christus na ander. Dit gee nuwe moed.

Gebruik maar jou tyd en studie en gesprekke hiervoor. Dit alles help om die boodskap duidelik te kan oordra. En nog steeds kan dit 'n hele paar gesprekke met my gespreksvennoot word, maar dis nie sonder einde nie. Nee, dan word dit 'n uitdaging om te kyk of jyself die rigting van die gesprek kan bly bepaal. En jou nie laat aflei op 'n sypoor om ander probleme te probeer oplos nie. Die evangelie is nie 'n handelsartikel wat elke keer opnuut uitgestal moet word aan onwillige kopers nie. Nee, op hierdie basiese punt moet die weg na Christus volledig afgelê word. Dan sal 'n mens sien waar 'n deur is wat

wyer oopgaan, of selfs heeltemal kan toegaan. Dit is jou doel. Wees maar baie eerlik en openlik daaroor. Dis goed vir hom, vir haar, vir jou en goed vir die hele gemeente om dit te besef. Om so met 'n gesprek te kan werk, vra van jou konkrete en verdiepte kennis van die Skrif. En dit bring 'n mens ook telkens weer met groot erns tot voor die Here in gebed, want Hy moet help om die situasie goed te beoordeel. In gebed tot God om te veg vir die behoud van die ander. In gebed tot God, dan staan jy ook nie meer alleen in dit alles nie..

## 5. Rond die gesprek af

Die vyfde punt volg direk hieruit voort. As 'n mens so te werk gaan, neem dit nie jare voordat jy weet waar jy staan nie. Dit kan wees dat julle paadjies dan skei. Maar dan weet jy wat die rede daarvoor is.

Die probleem van swak voorbereide gesprekke is dat die negatiewe resultate eenkant bly lê. Jou kontak met jou gespreksvriend raak koud, en besoeke word meer sporadies. En dan stop dit net skielik. Jy kom nie meer daar nie. Dis onbevredigend, vir beide partye. Dit het nie tot by 'n konkrete punt gekom nie. Dit was net "skielik" verby. En dit mag nie gebeur nie. 'n Intensiewe gesprek kan nie sommer net verby wees nie. Want die gesprek word immers die hele tyd gedra deur die erns van die boodskap! Dit was nie kinderagtige gesprekke oor wie die slimste kan lyk nie, maar dit het die doel gehad om die persoon van ondergang te red, te wen vir Christus. Daarom hoort daar by hierdie gesprekke ook die element van die toorn van God. Dit is uiteraard nie iets wat slegs aan die einde na vore kom nie, maar dit moet verseker aan die einde baie duidelik gestel word. Durf ons om die toorn van God te noem, op grond van die



**Deur die woord van die ongesiene God is die hemel en die aarde gemaak, maar om ons sondes weg te neem het Hy mens geword en sigbaar onder ons kom woon.**

- L Greenway

resultaat van so 'n gesprek? Durf ons om dit so uit te spreek, vir iemand duidelik te maak? Natuurlik nie om te oordeel oor wat sy lot eendag sal wees nie. Maar wel om indringend te waarsku, baie direk, op hierdie oomblik: met hierdie verset, langs hierdie pad loop dit vir jou uit op die dood?!

Evangelisasiegesprekke mag nie koud word of doodloop nie. Die gesprekke moet voltooi en afgerond word. Waarop het ons gesprekke uitgeloop? Dit is die vraag wat duidelik beantwoord moet word. Dan is ook die noem van die Here se toorn 'n waarskuwingsmiddel wat die Here gegee het. Nie om iemand goedkoop die skrik op die lyf te jaag nie. Maar wel om iemand, na sorgvuldige evaluasie en waardering van die situasie, tot skrik te bring, tot sy heil. Net soos Jesus gedoen het, toe Hy vir die oënskynde bekommerde man in Lukas 13:23 e.v. gesê het om hard te stry om in die koninkryk in te gaan. Daar sal uiteindelik 'n "te laat" wees.

Op dié manier moet ons gesprekke ook ernstig afgesluit word.

**Evangelisasiegesprekke het die doel om mense te verlos, maar ook om ongeloof te ontmasker.**

## 6. Die einde of 'n nuwe begin.

Dit bring ons by die laaste punt. Om so 'n rondte van gesprek te voltooi beteken een van twee dinge: (A) die einde of (B) 'n nuwe begin.

A: Dit kan wees ('n mens hoop uiteraard nooit so nie) dat daar geen vooruitgang is nie. Dan hou jou verantwoordelikheid op daardie oomblik op. Jy kan nie langer die evangelie aan iemand

verkondig, sonder dat dit goedkoop en vervelig raak nie. En dan moet 'n mens dit ook reguit so sê: ek hou op – ek kom nie meer terug nie. 'n Mens moet ook nie dink dat jy wyser is as God nie. En ook nie swaarder laste dra as wat Hy jou gee nie. Ons weet nie hoe dit verder met hom of haar sal gaan nie, miskien kom daar 'n ander geleentheid, ander omstandighede of 'n ander prediker. Hieroor hoef 'n mens nie te spekuleer nie, maar ons moet Bybels reageer op wat hier voor ons afspeel (Sondag 31 HK), oordeel volgens hierdie evangelie wat ons gebring het. En daarom is dit nou eers verby. En jy bly weg. Want juis deur die gesprek af te sluit op die wesenlike punt, help jy hom/haar om eerlik voor God te gaan staan. Moet dan ook nie hierdie harde werklikheid versag deurdat jy telkens weer terugkom nie. Ook deur jou weggaan, wys jy die regte pad na God aan.

B: Dit kan ook wees dat die gesprek 'n deurbraak maak. Iemand maak 'n duidelike keuse, miskien bietjie moeisaam, maar tog duidelik na Christus toe. Hierdie keuse moet gekonstateer word, met groot blydschap. En dan het die evangelisasiegesprek in werklikheid tot 'n einde gekom. Dit moet nou aan die kerkgemeenskap gerapporteer word met die oog op lidmaatskap. Hierna volg dan die belydenisaflegging, hopelik nie te lank daarna nie. Duidelik moet daar nog baie onderwys gegee word. Maar dan binne die gemeenskap van die kerk, binne die strukture wat die kerk daarvoor aanbied of dalk moet organiseer. En veral ook: rondom die een tafel van Christus.

## Afsluiting: gebed vir geopende deure

Soos jy kan agterkom, is dit nie 'n pleidooi om sommer net weg te stap as die evangelisasiegesprek nie dadelik na wense gaan

**Lord Randolph het van John Knox se prediking gesê: Die stem van een man kon in een uur meer lewe in ons bring as 500 trompette wat gelykertyd in ons ore blaas.**

nie. Dit is egter wel 'n pleidooi om te bid én te werk om deure oop te kry en ook om hulle dan te kan raaksien. En ook om te sien waar deure toegaan. Dis 'n gebed wat jy met jou hele gemeente moet bid. Want dis hulle na wie jy moet gaan met die produk van jou gesprek: die positiewe en die negatiewe resultate. Want al twee resultate is die gevolg van jou gesprekke. Evangelisasiegesprekke het die doel om mense te verlos, maar ook om ongeloof te ontmasker, aan die kaak te stel en selfs mense te verhard. Evangelisasie roep onherroeplik skeiding op. As jy nie skeiding wil bring nie, is jy ook nog nie reg vir evangelisasie werk nie. Want juis deur hierdie geroepe skeiding het die kerk ontstaan. Alleen daardeur bly die kerk ook bestaan volgens die Kategismus, vraag en antwoord 20. Volgens hierdie pad bereik God sy doel.

En op hierdie pad plaas God ook jou gesprekke. Die uitwerking van die gesprekke vind plaas volgens Sy wil. Dit gee vir 'n mens nuwe moed. Want 'n mens kan sien hoe Hy in jou gewerk het. Dit alles maak jou klein voor die Here. Want dis Hy wat mense red, en nie jy nie. Dit maak jou ook nederig voor ander mense, omdat jy langs hulle moet gaan staan, van nature niks beter as hulle nie. Jy mag ook slegs uit genade hierdie God ontmoet. So kom die ware liefde vir evangelisasie tot uiting.

Jy mag sonder bekommernis op hierdie pad stap. Jy mag die uitkoms van jou gesprekke oorgee in God se hande. Bly net self getrou aan God se weg, geanker in die Skrif, en dra hierdie werk deur jou gebed, asook die gebede van die hele gemeente.

**Die Christelike leer is genade, en die Christelike lewe is dankbaarheid**

- JI Packer